Beeld

Wednesday, 14 November 2007

Ervare ingenieurs nêrens beskikbaar – Sanyati

Antoinette Slabbert,
Pretoria

"Daar is geen ingenieurs op die mark beskikbaar nie."

Só sê mnr. Rick Jackson, uitvoerende hoof van die siviele-ingenieurs-en-konstruksiegroep Sanyati.

Jackson het met die bekendmaking van die groep se tussentydse resultate vir die ses maande tot einde Augustus gesê Sanyati het sy eie opleidingsentrum vir werknemers op alle vlakke, maar ingenieurs het minstens tien jaar ervaring nodig en is eenvoudig nie in die arbeidsmark beskikbaar nie.

"Dit is kommerwekkend," sê hy. "Ons sou graag op ander maniere wou groei as net deur verkrygings", maar die beskikbare hulpbronne is beperk.

Sanyati se bates het toegeneem van R158 miljoen 'n jaar gelede tot R637 miljoen aan die einde van die oorsigtyperk. Dit, sê Jackson, is grootliks te danke aan die verkrygings van die siviele kontrakteurs Ruthcon en GEM Earthworks.

Dié twee maatskappye het volgens Jackson Sanyati se geografiese teenwoordigheid uitgebrei na vyf provinsies en hom in staat gestel om sy markaandeel te vergroot.

Altesaam 62% van die groep se projekte is steeds in KwaZulu-Natal, 22% in Gauteng en die res in Mpumalanga, die Oos-Kaap en Zambië.

Sanyati se strategie het hom in die ses maande onder oorsig meer omset in die saak gebring as in die volle vorige geldjaar.

Sy netto wins het verdubbel en hy het aan die einde van die oorsigtyd R52 miljoen kontant op hande gehad, vergeleke met R16 miljoen 'n jaar vantevore.

Jackson sê Sanyati beplan nog 'n verkryging en sal ook R100 miljoen in die komende jaar bestee aan toerusting en masjinerie om sy vermoë te vergroot.

Die groep se vooruitsigte lyk goed met onder meer 'n belang van 10% deur sy Afriscan-filiaal in die Ilembe-konsortium wat die King Shaka- internasionale lughawe in Durban bou. Dié kontrak sal R190 miljoen oor die volgende 19 maande inbring.

Sanyati het sy onderneming in vier afdelings georganiseer, naamlik siviele werk aan die kus, binnelandse siviele werk, bouwerk en paaie. Die grootste deel van die groep se inkomste was afkomstig van die afdeling vir siviele werk aan die kus (R215 miljoen).

Volgens Jackson het die verkryging van Ruthcon en GEM Sanyati se swarteienaarskap verhoog tot 42,4%, wat hom die markleier op dié gebied maak.

Dit plaas die groep in 'n gunstige posisie vir regeringskontrakte.

Sanyati het ook onlangs sy gradering by die ontwikkelingsraad vir die konstruksiebedryf verhoog na 9CE, wat beteken dat daar geen plafon meer is op die waarde van regeringskontrakte wat na sy kant toe kan kom nie.